

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
12 Desember 1976

Onderwerp: Moedeloosheid

Lees: 1 Konings 19 verse 1 tot 8

Teks: 1 Konings 19 vers 4

Sing: Psalm 68 vers 9
Gesang 89 vers 3
Gesang 75 vers 2

“Koerante probeer om aan die leser ’n beeld van die lewe met al sy verskeidenheid aan te bied, maar hulle trefwydte is nie naastenby so groot soos dié van die Bybel nie.

“Die Bybel skryf van die grote God in al sy majesteit, maar laat nie na om ons te vertel van die kleine profeet in al sy moedeloosheid nie. Van die glorieryke Hemel neem die Bybel ons na die eensame woestyn en ’n verlate besembos, waaronder ’n vluggende mens vreemde dinge bid.

“Maar dit is nie net Elía, profete en predikante wat woestyn en besembos ervarings het nie. Wie is daar wat nie maar dikwels in die skaduwee van die besembos van moedeloosheid neerval nie? ’n Ouer wat moedeloos gesukkel is met kinders en dikwels voel asof die las van ouerskap ondraaglik is. ’n Boer wat magteloos staan by ’n bedreigde oes. ’n Geneesheer vir wie die stryd teen ander se siektes haas te veel geword het. Daar is talle voorbeelde.

“Die Here wys ons vanmôre op die eensame pad van Elía, sy weg daaruit en sy uiteindelijke oorwinning daaroor. En ons ondersoek hierdie gebeurtenis nie om Elía beter te leer ken nie, maar om ons eie eensaamheid en moedeloosheid en die Here se wil met ons beter te verstaan.

“Elía het ’n geweldige konflik ondervind, ’n botsing in begeertes en vrese. Ander mense is bang dat hulle sal sterf, maar Elía was bang dat hy nie sou sterf nie. Hy het gevlug vir sy lewe en terselfdertyd gevlug vir die lewe. Hy was bang dat Esébel hom sou doodmaak en het daarom gevlug, terwyl hy terselfdertyd liewers wou sterf. Hy was tussen twee vrese vasgekeer: bang vir die lewe en bang vir die dood.

“Sy werklike begeerte was waarskynlik om te sterf, maar nie onder die hand van Isébel nie. Hy wou nie sterf onder die hand van die vyand van die Kerk nie, maar eerder onder die hand van die Koning van die Kerk.

“Broers en Susters, die Bybel vertel ons ook van ander mense wat graag wou sterf. Símeon het gebid terwyl hy die kind Jesus in sy arms gehou het: ‘Nou laat U, Here, u dienskneg gaan in vrede volgens u woord, omdat my oë u heil gesien het’. (Luk 2:29,30) Paulus het ’n innige begeerte gehad om heen te gaan en met Jesus Christus te wees. Elía se begeerte was egter anders. Dit laat ons dink aan Dawid se Psalm: ‘Ag, had ek maar vlerke soos ’n duif, dan sou ek wegvlieg en wegbly!’ (Ps 55:7) Óf Jeremia wat gesê het: ‘Ag, het ek in die woestyn maar ’n herberg vir reisigers gehad!’ (Jer 9:2) Elía se gebed was nie soos Símeon se versoek, wat ’n mens laat dink aan ’n rustige sonsondergang aan die einde van die dag nie, maar eerder aan donker onweerswolke.

“Wat was dit dan met Elía dat hy onder ’n besembos ingekruip het? Waarom was hy moedeloos? Sy bediening was geseënd. Net die vorige dag nog het hy die grootste triomf van sy lewe beleef, toe God hom op Karmel die oorwinning oor die Baäldienaars gegee het. Hy het daar man-alleen teenoor Baäl en die vyandige skare gestaan en daar was geen bang haar op sy kop nie. Sy optrede was vol selfvertroue. Hy het dit gewaag - hy alleen - met God wat hom geantwoord en by hom was. God het by hom kom staan en toe was hy man-alleen meer as die groot skare. Daarna het hy vir reën gebid en God het hom geantwoord.

“Elía het nie rede gehad om moedeloos te wees nie. En tog het hy in Esébel, wat hom vervolg het, sy mislukking gesien. Dit was vir hom asof sy werk vrugtelos was. Niemand het tot bekering gekom nie. Niemand het tot geloof gekom nie. Niemand het tot geestelike verdieping gekom nie. Die kerk het leeggeloop.

“Só is die mens se lewe maar. Die hoogtepunte en laagtepunte lê dikwels só na aan mekaar. Vreugde en rou omhels mekaar. Gister nog was hy ’n geloofsheld, vol vertroue, moed en gees; en die volgende dag was hy ’n lafaard, ’n geloofswrak.

“Die mens is ’n fyn besnaarde wese. Toe Elía die vorige dag soos ’n snaar gespan was, het hy ’n lieflike klank laat hoor. Maar hierdie spanning het te veel geword en toe het die snaar gebreek.

“Broers en Susters, ons wat in hierdie moderne tyd leef met sy oor-organisasie, vol programme en hoë eise, kan Elía se posisie goed begryp. Die dae dat ons voel ons kan nie meer nie, kom al hoe meer voor. Ons ervaar dit almal, of jy nou predikant, boer, onderwyser, geneesheer of sakeman is. Of iemand wat in rou by die graf kniel en sug: Here, ek kan nie meer nie. Die smart en die gemis is te groot. Of ’n pasiënt wat kerm: Hierdie las is te swaar. Of ’n laagbesoldigde wat kla oor die stygende lewenskoste: Nou kan ek nie meer nie. Sommige slaan selfs die hand aan eie lewe. Só ervaar ons almal moedeloosheid.

“En wie is hierdie magtige indringer wat ons so kan vasvat en ons van alle ondernemingsgees ontnem?

“Die moedeloosheid word beter geken aan die vrugte van die boom. Dit word beter geken aan die gevolge, as aan sy wese. Dit verwing jou oordeel, versmal jou uitsig en laat jou dinge verkeerd sien. Elía het in sy moedeloosheid gesê: ‘Ek het baie geywer vir die HERE, die God van die leërskaar; want die kinders van Israel het u verbond verlaat, u altare afgebreek en u profete met die swaard gedood, sodat ek alleen oorgebly het; en hulle soek my lewe om dit weg te neem.’ (1 Kon 19:14). Waarop die HERE geantwoord het: ‘Maar Ek sal seweduisend in Israel laat oorbly, al die knieë wat nie voor Baäl gekniel en elke mond wat hom nie gesoen het nie.’ (1 Kon 19:18) Die Psalmis het skryf: ‘Ék het in my angs gesê: Alle mense is leuenaars.’ (Ps 116:11) Maar dit is nie waar nie. Dit is angs wat dit vir ’n mens só laat lyk.

“Die moedeloosheid maak ’n mens ontevrede en ondankbaar. Jy kyk só vas teen die een skaap wat dood is, dat jy die nege en negentig vergeet wat nog leef. Jy staar jou só blind op daardie een grief, dat jy al jou geriewe vergeet. Die moedeloosheid maak ’n mens ook magteloos. Dawid het dapper voor Saul gevlug, maar later het hy moedeloos geword en gesug: Ag, wat help dit alles. Saul sal my tog een of ander tyd doodmaak. As ’n mens eers só begin dink en redeneer, dan onderneem jy nie meer nie.

“Moedeloosheid maak jou ook eensaam. Niemand het lus om na ’n klakous te luister nie. Selfbejammering stoot mense af. Jy isoleer jouself. Jy word eensaam te midde van ’n oormaat geselskap. Moedeloosheid bring jou in die woestyn, waar jy vertlate is. Só was dit met Elía.

“Dit is seker die wese van moedeloosheid, dat God jou afsonder. Ons het mos allerlei dinge waarop ons

steun en vertrou: geleerdheid, bekwaamheid, geld, aansien, vriende, ensovoorts. In ons moedeloosheid trek God ons oë van die menslike steunpilare af en sonder ons af in die woestyn.

“Toe Elía moedeloos was en op niemand meer kon steun nie, het hy sy bedanking ingedien. Hy wou nie meer lewe nie. Die HERE kon toe maar self verder sy werk doen.

“Maar die HERE het Elía hierop geantwoord en ’n Engel na hom gestuur wat nie vir hom gesê het: Toemaar ou broer, jy is maar net moeg. Dit sal môre weer beter gaan nie. Hy het vir hom onverbiddelik gesê: ‘Staan op’. (1 Kon 19:5) Dit sê die HERE vir die een wat moedeloos is, die een wat ly, treur en twyfel. Dit sê Hy vir die sondaar wat onder sy sondeskuld ingekruip het: Staan op, Jesus Christus het vir jou betaal.

“As God dit vir ons kom sê, is dit nie vir ons om allerlei verskonings uit te dink nie. Dan moet ons gehoorsaam. Ook Jesus het in Getsémané hierdie stem gehoor: Staan op, aanvaar die kruis. Die beker kan nie ongeledig verbygaan nie.

“Maar tog is dit nie slegs ‘staan op’ nie, maar ook: ‘eet!’ (1 Kon 19:5) Die HERE maak sterk. Hy rus toe. Hy is streng, maar ook sorgsaam. Hy is die Vader. En dit is die seën van moedeloosheid: Die lafenis en versterking is altyd naby.

“Juis in hierdie eensaamheid en moedeloosheid wat die sonde veroorsaak, gee God ons die ware Brood van die Hemel: Jesus Christus. In sy krag staan ons op uit die dood van sonde en loop ons op die woestynpad na die land van belofte en lewe tot in Ewigheid.

“Is die Kerk van Jesus Christus in hierdie dae die eensame vlugteling onder die besembos? En dit sal ál meer só lyk met die naderende eindtye.

“Dan klink die HERE se Woord steeds: ‘Staan op!’ Daar is geen rede vir die Kerk, of vir hulle wat waarlik tot die Kerk behoort, om moedeloos te word nie. Die oorwinning behoort aan die HERE van die Kerk en aan die Kerk van die HERE. Die duisternis sal die lig nooit oorweldig nie. Die son van Geregtigheid gaan op, met genesing onder sy Goddelike vleuels.

“Amen.”